Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 7 September 1949 Prys 3d. No. 42

# VOORTREKKERFEES WORD DEUR KLEURLOOSHEID BEDREIG

**Die Voortrekkerfees aan die einde van die jaar dreig om deur amptelike kleurloosheid van alle lewenskrag ontneem te word. Dit is die gevolgtrekking waartoe mens kom na aanleiding van berigte wat die afgelope week in die pers verskyn het en die afwesigheid van 'n volledige programaankondiging. Die bedoeling skyn al meer pos te vat dat die verrigtings geen nasionale besieling moet uitstraal nie, maar dat dit 'n blote formele eerbiedsbetuiging moet wees soos die ontbloting van die hoof op straat vir 'n lykstoet wat verby beweeg met 'n ontslapene aan wie mens 'n vredevolle rus toewens hoewel jy hom nie juis intiem geken het nie.**

**Dit is nie aangenaam om in 'n saak soos hierdie 'n selfstandige noot te druk — selfs in 'n koor wat dreig om vals te word — nie, maar terwille van die Voortrekkers wat gehuldig gaan word en die ideale waarvoor hulle gestaan het, ag ons dit noodsaaklik om 'n woord van protes te laat hoor, *en ons kan dit geredelik doen omdat ons voor ons die voorbeeld van 1938 het.***

**In teenstelling met die hoeksteenlegging wat 'n volksfees was waar die volksgevoel spontaan opgelaai het tot nuwe krag en toekomsverwagting, waar die volk homself bo en buite die partypolitiek herontdek het, skyn die onthulling vanjaar 'n kille staatsformaliteit te wees waar politieke partye 'n ereplek sal vul.** Die sprekers word blykbaar gekies op grond van hul partyleierskap ten einde verteenwoordiging aan alle belangrike partye te gee. Dit is reeds aangekondig dat die Eerste Minister die hoof-redenaar sal wees en dat die opposisieleier, veldm. J. C. Smuts, ook as spreker sal optree, terwyl mnr. Havenga glo ook genader is om te praat. As hierdie manne uitgenooi was om as individue op te tree, sou ons dit onbetaamlik geag het om die uitnodiging te kritiseer, maar die beweegrede skyn so klaarblyklik gegrond te wees op die feit van hul partyleierskap dat niemand dit anders kan vertolk nie.

### KLEURLOOS

En dat die bedoeling dan ook is om die verrigtinge in 'n kleurlose gees van wye omarming te laat plaasvind, word bevestig deur 'n hoofartikel in Die Burger waarin die blad hom verheug oor genl. Smuts se beroep op sy mense om deel te neem, en dan uitdruklik verklaar dat die doel nie is die bevordering van die een of ander groep se strewe nie, maar blote hulde aan „die manne en vroue wat die fakkel van Christelike beskawing steeds dieper in ons land oor ons velde en vlaktes gedra het". In daardie eerbewys, aldus die blad, „kan ons as 'n verenigde nasie staan."

### GEEN BOODSKAP

**Hierdie vryheidshelde sal dus net gehuldig kan word vir sover hulle die Christelike beskawing bietjie dieper ingedra het as Jan van Riebeeck se vrye Burgers. Dit is die betekenis van die staatshuldiging op 16 Desember. Geen boodskap aan 'n nageslag wat uit hul gedagtenis ook besieling wil put vir sy vryheidstrewe nie, wat wil wegtrek van onder die vlag en kroon van dieselfde veroweraar wat hulle die wildernis ingedryf het nie.** Politieke partye sal met beheerste hoflikheid rondom die monument elkeen sy hulde bring aan die manne wat die land oopgemaak het vir boer en uitbuiter.

Dié vérgesig word reeds deur die tekenaar van die Cape Argus afgebeeld in 'n prent waarin die verskillende politieke partye elkeen op sy eie pad opruk na die bouwerk wat daar pryk as gemeenskaplike huldeblyk. Hierdie totaal van partypaaie maak dan „die Pad van Suid-Afrika" uit, wat, volgens Langenhoven eintlik oor Slagtersnek na Bloedrivier gaan.

Die hulde wat die partyleiers namens die volk in sy verdeeldheid moet bring, sal min of meer in die objektiewe gees moet geskied van 'n beoordelaar wat sy mening uitspreek oor tentoonstellingsvee — heelwat waardering vir iets wat hy nie met hom saamneem huistoe nie.

### KOUE GRAFSTEEN?

**Maar die Voortrekkers is nie los te maak van hul ideale nie. Daardie mense het nie gely omdat hulle nuwe weivelde gaan soek het nie. Hulle was 'n volk op mars na sy onafhanklike bestemming, en as hierdie aspek van hul lewe verswyg moet word, as hierdie boodskap van hul lewens nie opgevang en as besieling terug geneem kan word huistoe nie, is die Voortrekkermonument 'n koue grafsteen met 'n vingerwysing slegs na agter.**

### GENL. HERTZOG

Dit was hierdie gedagte wat gesit het agter die besware wat elf jaar gelede geopper is teen genl. Hertzog se deelname as Eerste Minister aan die hoeksteenlegging. Daardie besware geld nog as dit toe gegeld het, en daarom is dit reg dat daar weer beswaar gemaak word teen hierdie amptelike ontsieling van die fees. **As daarmee voortgegaan word, dan is 'n apologie aan die gedagtenis van wyle genl. Hertzog agterstallig, want as hy as Eerste Minister wat verantwoordelik was vir die geldelike steun van die staat vir die oprigting van**

(vervolg op bl. 8 kol. 3)

# Kommer Weens Vertraging Van Feesprogram

**Die gesloer met die bekendmaking van die volledige program van die verrigtinge by die inwyding van die Voortrekkermonument duur nog steeds voort. Hoewel Afrikaners reeds aangesê word om standplase op die feesterrein te bespreek, en om tente te huur en hoewel daar orals in die land plaaslike reëlings getref word vir die trek na die Monument van sowel die rapportryers as die publiek, weet niemand nog wat alles tydens die inwydingsplegtigheid gaan plaasvind nie.**

Daar is wel aangekondig dat die Eerste Minister en leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, as hoofspreker sal optree. Mnr. N. C. Havenga, min. van finansies en leier van die Afrikanerparty, sal glo ook uitgenooi word. Genl. J. C. Smuts, die Opposisieleier en leier van die Verenigde Party het aangekondig dat hy ook sy „sê by die monument gaan sê" en hy het die hele Verenigde Party en tewens die hele „Suid-Afrikaanse volk" opgeroep om teenwoordig te wees. **Want dit sal 'n staatsfunksie wees.**

### VAN BELANG

**Sake wat groot openbare belangstelling geniet maar wat nog steeds geheim gehou word, is die vlae wat daar sal wapper, die liedere wat daar gesing sal word en die taal of tale waarin toesprake gelewer sal word. Voorts weet niemand of Sy Eksellensie, die Goewerneur-generaal, wat Sy Majesteit, Koning George VI in Suid-Afrika verteenwoordig ook uitgenooi sal word nie.** Tydens die afgelope parlementsitting het dr. E. G. Jansen, voorsitter van die Feeskomitee op 'n vraag geantwoord dat al die parlementslede uitgenooi sal word. Sal mnr. Sam Kahn, die **Kommunistiese naturelleverteenwoordiger vir Wes-Kaapland ook uitgenooi word na die inwyding van die Voortrekkermonument?**

### IN 1938

Die onsekerheid oor die feesprogram en die onrus wat ontstellende gerugte oor moontlike gebeurlikhede by die volk veroorsaak, herinner onwillekeurig aan die kritiek wat dr. D. F. Malan op 26 Julie 1938 in die Volksraad uitgespreek het ten aansien van die aanstaande hoeksteenlegging van die monument.

Oor die samestelling van die Feesprogram het dr. Malan toendertyd gesê:

„Dit was bekend dat die regering by die hoeksteenlegging en later weer by die inwyding hom die reg voorbehou het — as voorwaarde vir sy geldelike bydrae — om seggenskap te hê oor die Feesprogram. Elkeen het dus geweet dat dit 'n saak is waaroor in die eerste plek die regering moet besluit en dit was ook oor die algemeen bekend dat die regering die eerste stappe geneem het in verband met die feesprogram, want dit is aangekondig dat die Eerste Min. uitgenooi is en dat hy die uitnodiging aangeneem het om die hoeksteen by die geleentheid te lê. Die volgende stap moes wees die samestelling van die verdere deel van die feesprogram. **Die punt was of die Goewerneur-generaal ook daaraan sou deelneem en wat by die geleentheid sou gebeur."**

**Presies! Dit is die punt.**

### VREES

Oor die onrustige vrees wat in 1938 gebeur het — net soos dit vandag ook heers, sê dr. Malan:

„En selfs waar daar 'n hewige agitasie was uit vrees of onder die verstandhouding dat die Eerste Minister sal konsekwent wees en „God Save the King" daar wel laat speel, in die aangesig van daardie agitasie sê die regering nie boe of ba nie. **As daar 'n ernstige protes is, en die protes is ernstig en diep, dan sê ek dit is die besluitloosheid en die vrees van die regering om in verband met hierdie saak 'n besliste standpunt in te neem wat oorsaak is daarvan."**

In Julie 1938 het dr. Malan die regering van wyle genl. Hertzog van „vrees en besluitloosheid" beskuldig omdat die Feesprogram van 16 Desember 1938 nog nie aangekondig was nie. In September 1949 bly dr. Malan se regering nog steeds in gebreke om die Feesprogram vir 16 Desember 1949 aan te kondig.

(vervolg in volgende kol.)

(vervolg van vorige kol.)

**En dit ten spyte van die agterdog by die volk dat die fees 'n kleurlose, tweetalige staatsfunksie gaan wees in stede van 'n besielende Afrikaanse Volksfees.**

### VOLKSFEES

Die fees wat in 1938 gehou is — toe wyle genl. Hertzog die Eerste Minister was — was 'n ware volksfees — **heeltemal vry van die partypolitiek.** Wyle genl. Hertzog was 'n fynbeskaafde man en toe sy geskiktheid om die hoeksteen te lê betwyfel is, het hy soos 'n heer teruggestaan vir die Vrou van Suid-Afrika. **Die Hertzog-regehet besluit „dat niemand wat aktief aan die politiek deelneem — afgesien van die Speaker, dr. J. G. Jansen in sy hoedanigheid as voorsitter — of wie se deelname politieke kleur daaraan sou verleen, uitgenooi sal word om 'n leidende aandeel te neem."** En dat 'n Vrou wat in noue verband met die Groot Trek staan, die hoeksteen sal lê.

Hoe sal die fees lyk wat gehou gaan word onder die Eerste Ministerskap van dr. D. F. Malan? **Al wat dusver seker is, is dat dr. Malan in eie lywe die monument gaan inwy en dat genl. Smuts daar sal optree as spreker.**

## Kommuniste Bedrywig In Poskantore

Die regering het reeds in iets meer as die helfte van die Skiereilandse poskantore aparte bediening vir nie-blankes ingevoer. Van Kommunistiese kant word hard gespook om gevoelens teen die maatreël opgesweep te kry, en volgens berig word, sal die groot kanonne van hierdie agitators eintlik in werking kom wanneer die maatreël in die hoofposkantoor ingevoer word.

Dat hul agitasie vrugte afwerp, kan al opgemerk word uit die houding van nie-blankes in die hoofposkantoor waar veral naturelle 'n vyandige astrantheid openbaar teenoor blankes wat saam met hulle in een of ander tou moet staan. Selfs dames word nie ontsien in beledigende uitlatings teenoor apartheid nie.

# GENL. SMUTS OOR MONUMENT

**Die leier van die Verenigde Party, genl. J. C. Smuts, het verlede week 'n beroep op sy partyvolgelinge gedoen om die feesverrigtinge aan die end van die jaar by die Voortrekkermonument by te woon, aangesien hy self daar as spreker sal optree. „Neem hartlik deel aan die groot gebeurtenis in die geskiedenis, want die Monument het 'n teken geword waarna ons almal strewe," het hy gesê.**

„Dit is 'n monument van die Verenigde Regering en Party. In die dae van die strydende party, het ons saamgekom en die land gered. By daardie regering is die gedagte gebore om plegtig te gedenk die bestaan van 'n groter Suid-Afrika. Die Verenigde Regering het daardie monument opgerig uit die geld van almal in die land.

„Ondanks die kommer en sorg, laat ons weer groot wees en die monument feestelik inwy. Ek sal daar wees en my sê sê en ek hoop dat die hele volk daar sal wees, nie net een seksie nie, maar die hele volk. Daar moet geen partyverdeling by die inwyding van die Monument wees nie, maar oud en jonk, moet daar wees. Daar is 'n mate van twyfel en maling onder die volk oor die Monument. Daar word gevrees dat dit 'n seksionele Monument is, maar ons moet dit nie toelaat nie, want die Monument is die uitdrukking van die hele volk dat uit rampe iets groots gebore word. Met 'n gees van volmoed en vertroue, moet ons na die Monument gaan.

„Ek doen 'n beroep op die volk om by die inwyding van die Monument te wees. Dit is iets uit die hart van die hele volk, die hele Suid-Afrika moet daar wees en verheug wees oor wat in die verlede oorkom is. Die teenwoordiges moet nie net van een seksie wees nie. Laat ons daar wees, volmoed vir die toekoms," het genl. Smuts gesê.

# Binne Bestaande Orde Vir Europa Geen Redding

**Stalin is geensins besig om terug te trek nie. Inteendeel is ek van mening dat hy net sit en wag vir die uitslag van die huidige ekonomiese slapte en krisis in die lande van die Weste. Aldus skryf 'n spesiale korrespondent van Die O.B., wat tans in Londen verkeer, in 'n onderhoudende oorsiggie van sy persoonlike indrukke oor sake wat vir lesers van ons blad interessant mag wees.**

Stalin is besig om sy posisie in die Verre Ooste te versterk en om intussen voorbereidsels te tref in die Balkanlande. Tito se Joego-Slawië is die volgende lont in die kruitvat. Hy verwag enige tyd moeilikhede met Albanië en Macedonië. Sodanige moeilikhede sal natuurlik onder aanstigting van Rusland plaasvind. **Dit ly geen twyfel nie dat die Nemesis van die Westerse volke nog steeds op hul hakke is. Hulle het tydens die jongste oorlog willens en wetens vir Beëlzebul binne gehaal en nou vind hulle dit onmoontlik om met hom onder een dak te bly.**

### GEEN REDDERS

**In geen enkele land van Europa word die Amerikaners of die Engelse as redders aangesien nie.** Die gewone mense openbaar 'n eienaardige houding. Hulle verwelkom die hulp van die V.S.A. maar hulle is nie juis in hul siel dankbaar daaroor dat hulle dit moet ontvang nie — dit is glo juis vir hulle die swaarste van alles: om noodgedwonge bedelaar te wees. Daar bestaan geen hartlike Europees-Brits-Amerikaanse samewerking nie. **Die mate van samewerking word bepaal deur die mate van agressie wat die Russiese kommuniste openbaar!**

### WANHOOP

Die Duitse volk is sover van kommunisme verwyder as wat hulle gedurende Hitler se bewind was, maar hulle is verslae en vra die een vraag onophoudelik: **Watter toekoms is daar vir ons en waarvoor werk ons?** Die mense werk hard — diegene wat werk het — maar almal gaan gebuk onder die ontstellende las van die geestelike ontreddering wat sy oorsprong het in die algemene besef van die nutteloosheid van alles in die aangesig van die sg. geallieerdes se onnosele optrede.

### MISLUKKING

**In Engeland is die partypolitieke sosialisme 'n hopelose mislukking.** Dit ontaard in 'n soort van dwingelandy wat magteloos skyn te wees — hoe paradoksaal ookal. Cripps is m.i.

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

die enigste man met verstand in die kabinet. Alle eer aan hom — maar een swaeltjie kan nie somer maak nie. **Die Engelse kan maar nie besef dat 'n nuwe bedeling nie aan die kapitalisme en die partypolitiek vasgeknoop mag word nie.**

**Oswald Mosley verduidelik die huidige toestand baie mooi in sy boek „The Alternative" waar hy aantoon hoe dit al ingebore by die Brit is om enige „sterk regering" onmagtig te maak.**

In die wêreld van vandag is dit weereens nodig dat „sterk regerings" die massas tot besinning bring!

## Nuwe Tydskrif

Die eerste uitgawe van 'n nuwe tydskrif, Tegniek, wat op Stellenbosch uitgegee word, het onlangs sy verskyning gemaak. Die tydskrif word gewy aan die nywerheidsontwikkeling van die Afrikaner en bevat heelwat interessante en besielende inligting. Uit die gegewens blyk egter die groot agterstand nog van die Afrikaner op hierdie gebied.

## Ge-interneerdes Vergader

Die Bond van Oudgeïnterneerdes en Politieke Gevangenes hou sy jaarvergadering op Saterdag, 1 Oktober, in 'n kamer van die buitemuurse gebou van die Universiteit Pretoria, volgens 'n rondskrywe van die sekretaris, mnr. O. L. Nel. Die jaarlikse dinee word dieselfde aand om 7-uur gehou in die Afrikaanse Koffiehuis.

Die sekretaris meld dat die interneringskamp op Koffiefontein aan groot verwaarlosing onderhewig is. Die helfte van die geboue is gesloop, die draadversperring verwyder, terwyl die terrein oordek is met vuilgoed. Die peperboompies wat deur die geïnterneerdes geplant is, is al yslike bome.


TE KOOP

*Velskoene!*



Almal met riem genaal. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding .. .. .. .. .. .. 19/6.
Bruin of wit bo-leer met motorbandsole sonder hakke .. .. .. 18/6.
Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN
SENDING-WINKEL
Goedverwacht, oor Moravia, K.P.


# Unie Maak Vir Brittanje 'n Vloot Groot

**In sy jongste nuusbrief herhaal adv. Pirow sy vorige waarskuwing in verband met mnr. F. C. Erasmus, die minister van verdediging, se rondreise. „Dit lyk asof die planne i.v.m. Simonstad nie meer gekeer kan word nie. As dit so is, sal dit baie jammer wees. Dan sit ons onherroepelik in die slagyster van die Ryksverdedigingskema," skryf hy.**

„Ek hoop net nie dat ons later nog meer Britse skepe gaan oorneem en dan gaan vertel dat ons nou by Simonstad nog St. Helena en Mauritius gaan bykry nie. Maar as die nasionale gedagte nou in een opsig in die slag gebly het, laat ons hoop dat die Amerikaanse onderhandelinge van die Minister ons nie in verdere moeilikhede gaan beland nie. **Die Dollar Imperialisme van die V.S.A. kan vir ons heelwat gevaarliker** word as selfs toegewings aan die oorblyfsels van die Britse Ryk." (Die kursivering is mnr. Pirow s'n.)

In 'n vorige nuusbrief het mnr. Pirow sy standpunt i.v.m Simonstad soos volg uiteengesit:

### SIMONSTAD SE PRYS

Die Engelse koerante bevat berigte van „besondere geslaagde onderhandelings tussen advokaat Erasmus, die Unie se Verdedigingsminister, en die Britse outoriteite omtrent die rol wat Suid-Afrika in die Ryksverdedigingstelsel gaan speel." Daar word bygevoeg dat Brittanje gevolglik Simonstad aan die Unie mag oorhandig. Dieselfde blaaie berig ook van die vloot wat Ceylon in die lewe gaan roep met Britse skepe, of liewer met skepe wat Brittanje aan die nuwe Dominium sal skenk of verkoop. Die Regeringsblaaie sal sonder twyfel die oorhandiging van Simonstad aan die Unie as 'n groot nasionale oorwinning uitbasuin en so min moontlik oor gesamentlike Ryksverdediging sê. Ons gun die Regering alle krediet vir ieder en elke prestasie wat hulle mog behaal en ons sal hulle help om enige sodanige kordaatstuk ten volle te adverteer. **Maar ons vrees dat die onderhandelings, as hulle so verloop het as wat die Britse blaaie voorspel, alles behalwe 'n oorwinning vir die Suid-Afrikaanse standpunt beteken.** Die posisie is in werklikheid soos volg: Sedert 1912 en meer bepaald sedert die Eerste Wêreldoorlog probeer Brittanje die onderhoudskoste van sy vloot onder die state van die Ryk te verdeel. So het Australië „sy" vloot en Kanada „syne" gekry. **In tyd van oorlog word die hele ding 'n ryksvloot onder Britse beheer.** Generaal Smuts het ook dadelik ingespring met die kern van 'n „Suid-Afrikaanse" vloot en kolonel Creswell het hier die eenheid gehandhaaf. Teen hewige verset van Britse kant, het ek die Suid-Afrikaanse vloot afgeskaf en gesê dat al wat ons nodig het mynveërs, bevestigde hawens en bomwerpers was. Daarvoor is voorsiening gemaak.

### SMUTS SE VLOOT

Skaars was generaal Smuts weer aan bewind of ons kusverdediging is so doeltreffend verswak dat dit wel teen 'n Japanse kruiser of 'n Duitse ponie-slagskip bestand sou wees maar nie teen 'n Britse slagskip nie. Gelyktydig het Suid-Afrika weer die kern van „sy eie" vloot gekry. Daardie „eie" vloot handhaaf ons Regering. Dit word selfs uitgebrei en oefen op versoek van advokaat Erasmus saam met die Britse vloot. **Nou gaan „die Suid-Afrikaanse vloot" blykbaar nog heelwat Britse skepe met Britse bemannings oorneem en dan in die Ryksverdedigingstelsel ingeskakel word.** Teen hierdie prys kon ons lankal Simonstad en nog wat verkry het. Ons prestasie in verband met Simonstad is van nog geringer waarde as die verlof om 'n Koelierepubliek te mag stig. Die Nuwe Orde het geen beswaar teen samewerking met Brittanje nie — selfs nie op militêre gebied nie — **maar dan moet dit deel wees van 'n Europese verdedigingstelsel en nie net van 'n Rykskema nie.** Die Nasionale Party is klaarblyklik begaan om partypolitieke krete soos „die Republiek" en „Simonstad" 'n skyn van werklikheid te gee as om die daaraan vasgeknoopte beginselvraagstukke op 'n gesonde wyse op te los.

## Britte Moet Al Troepe Gebruik

Duitse werkers het soveel verset getoon teen 'n aftakelingspoging van die Britte in die Ruhr toe 'n skeikundige fabriek in Oberhausen afgebreek moes word, dat die hulp van troepe ingeroep moes word. Toe die aftakelingsgroep sy verskyning maak, is hulle deur die werkers van die fabriek onder klippe gesteek sodat hulle die aftog moes blaas. Later het 'n afdeling Britse troepe opgedaag en beheer oor die fabriek geneem.

# Rooies in Unie Ly Verdere Terugslag


Die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad op wie die Kommuniste hulle in die verlede sterk toegespits het in hul poging om die land se nywerheidslewe te beheer — en grootliks in hul doel geslaag het — het 'n verdere ontbinding op die lyf geloop deur dat die Suid-Afrikaanse Tipografiese Vakbond besluit het om uit te tree as geaffilieerde lid. Hierdie vakbond is een van die sterkstes in die land. Die rede wat genoem word is dat die Kommuniste in die Raad wrywing in die arbeidsgeledere veroorsaak.

Dertien vakbonde wat reeds verlede jaar uitgetree het, het hul eie verteenwoordigende liggaam saamgestel, die Koördineerde Raad van Suid-Afrikaanse Vakbonde. Hierdie liggaam staan op die grondslag van apartheid, en aangesien die Tipografiese Bond geen kleurslagboom erken nie, word nie verwag dat hy hierby sal aansluit nie.




BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
KLAVIERE
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

# HET DR. MALAN TOEGEGEE AAN STRYDOM-DRUK?

**Verlede Saterdag het dr. D. F. Malan in 'n toespraak op Standerton die verdere stappe geskets wat sy regering beoog ter uitvoering van die beleid van apartheid. Van groot politieke betekenis is die volgende woorde van dr. Malan (aangehaal uit Die Transvaler):**

„Dit is ook die voornemens om Kleurlinge wat tans saam met blankes op dieselfde kieserslys verskyn, aparte verteenwoordiging te gee. Naturelleverteenwoordiging in die Volksraad moet ook verwyder word en naturelle moet net in die Senaat verteenwoordig word.

„Die plan is om dit alles te doen tydens die volgende sitting van die Parlement wat in Januarie begin."

Tenspytet van die H.N.P. en die A.P. het dr. Malan gesê: „Voor die verkiesing het die leiers van die twee partye spreker en mnr. Havenga, mekaar ontmoet. Ons het mekaar die vraag gestel: Watter ernstige vraagstukke is daar wat opgelos moet word? Ons het tot die slotsom gekom dat die kleurvraagstuk is die belangrikste. Ons het verder met mekaar geraadpleeg en gevra: Verskil ons? Die slotsom waartoe ons gekom het, was dat op hierdie vraagstuk, maar ook op alle beginselkwessies, daar geen verskille is nie. Waar ons gestaan het, staan ons vandag nog."

### STRYDOM-BELEID

Dr. Malan se Standertonse toespraak is 'n navolging van die beleid aangegee deur min. J. G. Strydom, Transvaalse H.N.P.-leier en opvolger van dr. Malan as hoofleier van die H.N.P. op die jongste kongres van die Nasionale Jeugbond van Transvaal. Min. Strydom het gesê: „Om apartheid uit te voer, ook ten opsigte van die naturelle- en kleurlingstemreg, is dit die gesamentlike taak van die Jeugbond en die Party om die Nasionale Party sterk uit te bou, **sodat die Party desnoods op eie kragte sy voorgestelde wetgewing kan deurvoer.** Ons hoop egter dat ons die hulp van ons bondgenote hiervoor sal verkry", het min. Strydom bygevoeg.

Min. Strydom se woorde gee pront uit te kenne dat daar verskille is tussen die H.N.P. en die A.P. oor die kleurvraagstuk. Vandaar sy uitdaging: „desnoods op eie kragte." Dr. Malan se woorde getuig van die ouliker politikus. Hy beduie dat daar geen verskille is nie.

### MNR. HAVENGA

Tydens sy groot toespraak voor die kongres van die Afrikanerparty op Brakpan verlede jaar het min. Havenga sy apartheids-beleid soos volg uiteengesit:

„Ons aanvaarde en verkondigde beleid van apartheid en die baasskap van die blanke is niks anders as die segregasiebeleid van 1912—1936 nie.

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

„Die optrede van die Verenigde Party in verband met die toekenning van Indiërverteenwoordiging in die Volksraad en Provinsiale Raad van Natal, wat deurgeforseer was met 'n blote partypolitieke meerderheid en nou weer vernietig is deur 'n ander party-politieke meerderheid, moet vir ons die bewys lewer hoe ongewens en gevaarlik dit is om oor fundamentele kleurvraagstukke te beslis sonder inagneming van die bestaan al dan nie van 'n duidelike volkswil.

„Ek is bewus van die feit dat dit aangevoer word op grond van 'n later beslissing van ons Appèlhof dat dit sterk betwyfel word of daardie grondwetlike bepalings — die verskanste klousules — en die voorsiening van 'n gesamentlike sitting van die twee huise van die Parlement vir die passeer van sekere wetgewing nog van krag is, en of dit selfs veroorloof sou wees om van daardie prosedure gebruik te maak.

„Indien dit wel die bestaande juridiese posisie mag wees, dan bly tog nog seker bestaan die wenslikheid om soveel moontlik die gees en strekking van daardie bepalings in ag te neem en **nie tot so 'n stap oor te gaan nie onder 'n samestelling van die Parlement wat nie 'n groot genoeg meerderheid insluit** wat beskou mag word as 'n duidelike en ondubbelsinnige uiting van die volkswil op daardie punt en dus die moontlikheid nie uitsluit om weer vernietig te word deur 'n ander toevallige parlementêre meerderheid nie."

### ONDUBBELSINNIG

Min. Havenga het dus op ondubbelsinnige wyse sy beleid neergelê dat die regering se meerderheid „nie 'n groot genoeg meerderheid is, om die verskanste bepalings van die grondwet te wysig nie en om bv. die naturelleverteenwoordiging in die Volksraad af te skaf of die stemreg van kleurling-kiesers in te kort nie.

Dr. Malan het nou op Standerton verklaar dat sy regering ten spyte van die klein party-politieke meerderheid aanstaande Januariemaand wetgewing gaan indien om juis hierdie dinge te doen. En hy sê hy en min. Havenga verskil nie daaroor nie. Maar min. Strydom het gesê dat die H.N.P. hierdie maatreëls gaan tref „desnoods op eie kragte."

**Wat beteken dit alles? Beteken dit dat dr. Malan op Standerton vir min. Havenga die deur gewys het en dat hy hom neergelê het by min. Strydom se beleid van „desnoods op eie kragte."?**

### WAAROM

Dit is moeilik vir redelike mense om te verstaan waarom dr. Malan, juis na die verpletterende terugslag wat sy party in die Mayfairse tussenverkiesing ondervind het, hierdie koers op Standerton ingeslaan het. Maar miskien kan senator dr. H. F. Verwoerd, voormalige redakteur van Die Transvaler, die antwoord verskaf. Hy het op 18 Augustus aan Die Transvaler gesê: **„Indien daar dus 'n boodskap vir die regering uit die Mayfairse uitslag te hale is, is dit nie dat 'n afwatering van die H.N.P.-beleid noodsaaklik is nie, maar eerder 'n kragtige toepassing van die beleid wat op 26 Mei 1948 die oorwinnende geesdrif verwek het. Voorts het die senator die regering aangemoedig tot groter „daadkragtigheid."**

Oënskynlik het dr. Malan die „boodskap" van Mayfiar ter harte geneem en was sy Standertonse toespraak 'n toertjie in politieke daadkragtigheid.

### BLOEMFONTEIN

Die feit dat die Verenigde Party, tot groot teleurstelling van die Vrystaatse nasionaliste, sy enigste Provinsiale setel, Bloemfontein-Sentraal, behou het, het ewe-eens tot geen eerlike selfondersoek gelei nie. Inteendeel, ander mense het die skuld vir die H.N.P. se neerlaag gekry. Die politieke kommentator van Die Volksblad erken dat „die uitslag van die tussenverkiesing in Bloemfontein-Sentraal 'n verrassing (was) vir die nasionale ondersteuners en organiseerders. Die algemene verwagting was dat oom Chris de Wet die oorwinning sou behaal." Maar hy verskoon die H.N.P. deur te kla dat „daar Afrikaners is wat buite stemming gebly het. Hulle het die nasionale saak verloën, maar daarby ook 'n goeie en bekwame kandidaat asmede die kiesafdeling in die steek gelaat. Sommige van hulle het langs die weg op kleinlike wyse wraak geneem op 'n man wat dit nie verdien het nie." **Die kommentator noem nie die naam van die man wat wel die wraak verdien het nie.**

Die toespraak van dr. Malan op Standerton sowel as die H.N.P.-blaaie se oppervlakkige bespiegelings oor die uitslae van die tussenverkiesings in Mayfair en Bloemfontein-Sentraal is teleurstellend vir die nasionaalvoelende Afrikaner wat eenheid en verkiesingsoorwinnings begeer.

## Kommunistiese Inmenging Lei Tot Geweld

**Kommuniste het 'n harige hand gehad in naturelle-onluste verlede Donderdag in Johannesburg toe een naturel doodgeskiet en verskeie ander, asook vier konstabels, beseer is.**

Die onluste het gevolg na aanhitsery van naturelle teen die „uittartende daad" van die stadsraad om die bustarief met 'n pennie te verhoog. Duisende naturelle het teen die aand saamgedrom en busse en polisie onder klippe gesteek. Voor die gebeure is pamflette van die Kommunistiese Party onder die naturelle versprei waarin hulle aangemoedig is om „deur verenigde optrede, spanwerk en trou" te volhard in die stryd.

**Die Kommunistiese blad, Guardian, het voor die onluste in verband met die ontevredenheid berig dat die Kommunistiese Party saam met vyf ander organisasies organiseer vir 'n boikot van die busdiens.**

## Partyregering Benadeel Hul Lande

**Die Londense Daily Mail toon aan dat Brittanje op sy beurt onder die sambok van die buiteland deurloop weens voordeel teen die party aan bewind.** Die blad verklaar dat Suid-Afrika swaar gely het as gevolg van die verandering in regering wat in Engeland beskou word as anti-Brits te wees. Geld is toe deur Britse beleggers op groot skaal teruggetrek. **Presies dieselfde gebeur met Engeland ten opsigte van Amerika, waar beleggers hul geld weerhou weens die wantroue van die publiek in die Arbeiders-party se bewind.**

# S.A. ENGELSE HUIL OOR MOEDERSMELK

**Hoe graag Engelse Suid-Afrikaners nog die moedermelk wil drink het tans weer geblyk uit die agitasie wat gevolg het op die lofwaardige stap van die Radioraad om die heruitsendings van die Britse uitsaaidiens aan die einde van die jaar te beëindig.**

Hierdie stap het gevolg op die misbruik wat deur die B.B.C. gemaak is van die geleentheid om propaganda-toesprake van die Verenigde Party oor die Suid-Afrikaanse lug uit te saai op rekening van die Suid-Afrikaanse uitsaaidiens, en sy astrante weiering om daarmee op te hou.

In die Engelse pers woed tans 'n geweldige storm oor hierdie spening, en so hoog loop die gevoelens dat daar selfs sprake is van 'n georganiseerde boikot van die Suid-Afrikaanse radiodiens. **Dit wil sê Suid-Afrikaanse luisteraars is bereid om geen gebruik meer te maak van hul radio's indien hulle nie ook 'n paar minute per dag die stem vanaf Home uit hul radiokaste kan verneem nie.**

### PARTYPOLITIEK

**Deel van hierdie agitasie moet egter op rekening van die Verenigde Party geplaas word wie se taak dit is om in sy hoedanigheid as amptelike opposisie alles wat die regering doen te veroordeel en politieke munt daaruit te slaan.** En aangesien niks makliker opgesweep kan word as rassegevoel in 'n land waar die partypolitiek sy gedwonge verdeling op 'n rasse-basis vind nie, word hierdie geleentheid aangegryp om die Engelse se Suid-Afrikaanse worteltjies weer uit te ruk.


**Hoe daar ooit gehoop kan word om 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk te laat ontwikkel solank die partypolitiek toegelaat word om die mure tussen die bevolkingsgroepe steeds hoër op te stapel, gaan die verstand te bowe.**

## Min. Havenga Lei Afvaardiging Op V.V.O.

Mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, wat op die oomblik in Amerika is in verband met die vergadering van die Internasionale Monitêre Fonds, waar hy hoop om 'n hoër prys vir goud te beding, sal ook die Suid-Afrikaanse afvaardiging op die V.V.O. se algemene vergadering, wat op 20 September begin, lei. Hy is deur dr. Malan gevra om dit te doen, maar kan weens drukke werksaamhede net 'n paar dae oorbly.


PROBEER DIT!

VIR OË-TOETS




KAN U SÊ WATTER LYN LANGER IS?



VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oë-toets; Die twee lyne is in werklikheid ewe lank).

U OË MAG U BEDRIEG MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK




RONDE

Kommando

20 vir 1/-, 50 vir 2/4

C. 300

DIE O.B., WOENSDAG, 7 SEPTEMBER 1949

# Stok In 'n Bynes

Op Standerton het dr. Malan 'n reeks apartheidsmaatreëls vir die volgende parlementsitting in vooruitsig gestel. Hy het ook opgenoem wat die regering in die afgelope twee sittings in die rigting gedoen het. Dat daarmee nog nie veel dieper as die buitenste rantjie van die vraagstuk aangeraak is nie, besef dr. Malan blykbaar self, vandaar sy verskoning dat die twee sittings eintlik nog nie veel geleentheid gebied het nie. **Ons vrees dat die paar sittings wat voorlê ook nie veel tyd sal bied aan daadwerklike maatreëls as dit 'n herhaling moet wees van die wat agter die rug is, waar die twee politieke partye die kosbare tyd hoofsaaklik benut het vir hul mededinging om die guns van die kieser nie. En indien daar wel die een en ander die lig mag sien, vrees ons dat dit so toegewikkel sal wees in amptelike opposisie-propaganda dat weinig goeds daarin vir die publiek — en veral die nie-blanke publiek — herkenbaar sal wees.**

Die Burger het met betrekking tot hierdie saak verwys na 'n vroeëre belofte van dr. Malan dat niks van die nie-blankes weggeneem sal word sonder dat aan hulle iets beters in die plek gegee sal word nie. Ons onderskryf graag so 'n belofte **mits daar die sekerheid bestaan dat die transaksie op so 'n wyse sal plaasvind dat geen tydsruimte gelaat sal word tussen die wegneming en vervanging van regte wat intussen opgevul mag raak met twyfel en selfs vertwyfeling in die gemoed van die nie-blanke nie.**

### PARTYPOLITIEKE ARENA

As mondstuk van 'n Volksbeweging wat sy bedoelings nie eers deur die filtreerder van setel-oorwegings hoef te laat drup nie, is DIE O.B. in staat om sy mening baie onafhanklik uit te spreek in 'n saak wat so na aan die wortel van ons volksbestaan lê. Die strydkreet dat ons blanke bestaan op die spel is, het al so afgesaag geword dat mens nie meer lus voel om dit op die lippe te neem nie, **en tog, dinge wat ten opsigte van die kleur-vraagstuk vandag gedoen of nagelaat word, is van so 'n beslissende aard dat mens terugdeins as jy aan die gevolge van een verkeerde stap dink.** Dit is daarom dat ons dit nie kan nalaat om by herhaling te pleit vir die uiterste versigtigheid in die hantering van hierdie vraagstuk nie, en as ons dan bedink dat partypolitici van albei kante die uitligting van die vraagstuk uit die „party-arena" as voorwaarde vir die oplossing daarvan beklemtoon het, maar, **desondanks voortgaan om die saak binne die partypolitieke arena te verknees, dan is dit om te wanhoop aan die toekoms.** En dit is ongelukkig presies wat nou gebeur. Een party wat nie eens die ondersteuning van sy bondgenoot ten opsigte van al sy metodes in verband met die kleurvraagstuk het nie, wat op hierdie oomblik met 'n minderheid kiesers agter hom sit, kondig aan dat hy by die eerste die beste geleentheid apartheid gaan deurvoer „desnoods op eie kragte", soos mnr. J. G. Strydom kortgelede van hom laat hoor het.

**Dit help nie om vir ons te kom sê dat die opposisie of die regering die uitnodiging tot gesamentlike optrede geweier het nie. Elkeen van die partyleiers het op sy beurt al gepleit vir uitligting van die vraagstuk, maar ons vrees dat dit elke keer op so 'n wyse gedoen is dat minstens een van hulle onder die indruk was dat dit niks anders as propaganda is nie. 'n Voorstel soos hierdie kan geen vrug afwerp wanneer dit in die vorm van grepe op die stoeimat van die parlement oor en weer aangebied word nie.** Wanneer dr. Malan byvoorbeeld as antwoord op die gebruiklike mosie van wantroue van die opposisie met so 'n voorstel kom, soos aan die begin van die afgelope sitting, kom dit in die vorm van 'n teenaanval op die „vyand" „aan die oorkant van die vloer".

### GEEN WAARDE

Ons wat behoort tot „die volk daarbuite" heg nie die minste waarde aan sulke aanbiedinge van samewerking nie. **Werklike samewerking word nie oor die stoeimat van die partypolitieke kryt beklink nie, maar in die kalme atmosfeer van persoonlike kontak. En as die partye werklik eerlik is met aanbiedinge van samewerking ten opsigte van die kleurvraagstuk, dan is daar binne die huidige stelsel net een pad om te volg en dit is dié van genl. Hertzog in 1936.** En solank hierdie pad nie gevolg word nie, vrees ons dat die kleurvraagstuk deur albei partye uitgebuit word in belang van hulleself, en niemand durf ons kwalik neem as ons hierby die woorde van dr. Malan van 'n paar jaar gelede in herinnering roep nie. Op sy kongres in Pretoria het die H.N.P.-leier sy verkiesingstrategie as volg gemotiveer, volgens Die Burger van 21 September 1944:

„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. **Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik.**"

Hoe dit ons ook al spyt om dit te sê, solank met die kleurvraagstuk voortgewoeker word soos in die afgelope tyd sonder die minste in agneming van die gevolge wat dit op die nageslag moet afwerp, sien ons in die H.N.P.-ywer niks meer as wat bostaande aanhaling verklik nie — **die plasing van die kleurvraagstuk op die voorgrond ten einde 'n meerderheid bo ander partye te behaal.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

### DIE VOORWAARDE

Indien die H.N.P. werklik die vraagstuk wil aanpak in belang van die volk, dan bly daar, met die kennis wat dr. Malan destyds al gehad het, naamlik dat ook „die groot gros van die Sap-party" met ons oor die kleurvraagstuk saamstem, net een van twee weë oop: **om die samewerking binne die huidige stelsel te soek op die Hertzoggrondslag van 1936, of om die republikeinse stelsel van volksregering, waarbinne geen „amptelike opposisies" aangehou was nie,, in te voer sodat die volk die vraagstuk kan aanpak sonder oorwegings van meerderhede bo ander partye. Dan kan die drade van die vraagstuk ook vanaf die beginpunt ontrafel word en nie van die kant wat toevallig die naaste aan die partypolitieke skêr lê nie — met verwoestende gevolge vir die nageslag. Want die oplossing van die vraagstuk lê nie in 'n afskorting in hierdie poskantoor of 'n eersteklas-wa op daardie stasie nie, maar dit lê in die ontwikkelingsmoontlikhede wat vir die nie-blanke op sy eie terrein aangebied word op 'n wyse wat vertroue skep en 'n begeerte by hom wek om mee te help. Dit wil sê om eers aan hom te gee voordat van hom weggeneem word.**

Soiets, vrees ons, kan alleen met 'n algemene volksaksie bewerkstellig word, **en solank die moontlikhede daarvoor nie geskep word nie, is enige partyaksie aan die oppervlakte van die vraagstuk niks anders nie as die steek met 'n stok in 'n bynes.**

# BESETTERS MAAK JODE GEHAAT IN DUITSLAND

**Dat die Westerse demokrasieë met hul dwase ywer om mense — en veral Jode — wat onder die Hitlerbewind veronreg is, bo die Duitse volk te bevoorreg juis weer 'n nuwe anti-Joodse gevoel aanwakker wat op sy beurt weer wrange vrugte moet voortbring, blyk uit onderstaande oorsig van hierdie vraagstuk deur ons korrespondent in Duitsland. Dit is veel eerder die bevoorregting van Joodse „verplaaste persone" wat aanleiding gegee het tot nuwe wrywing as die politieke erflating van Hitler, word verklaar.**

'n Paar weke gelede was daar in München 'n hewige opstootjie tussen die polisie en ongeveer 600 Joodse betogers, en eers nadat Amerikaanse pantservoertuie opgedaag het en etlike betogers en polisie gewond is, kon die rus herstel word. Aanleiding hiertoe was 'n brief in die Süd-deutsche Zeitung onder die skuilnaam Adolf Bleibtreu (Bly trou aan Adolf) met 'n heftige aanval op die Jode. Die vraag kom op of hierdie voorval 'n bewys is van 'n toenemende anti-Joodse gevoel in Duitsland. Beantwoording van die vraag is veral belangrik omdat die buitelandse pers hom in die jongste tyd met hierdie vraagstuk besig hou.

Wat is die ware toestand in verband met anti-Joodse gevoelens in Duitsland? Handhaaf die Duitse volk nog steeds die Hitler-rasse-beleid? Om die vraag te kan beantwoord moet teruggegaan word in die geskiedenis van antisemitisme veral in Duitsland.

### POLITIEKE ANTISEMITISME

Die Duitse anitsemitisme het met die rasse-motiewe van die Hitler-beleid niks in gemeen nie, en dit het ook nie bygedra tot die Nasionaal-sosialistiese denkrigting nie. Die Hitlergedagte of politieke antisemitisme het in die Duitsland van voor 1933 op bra swakke bene gestaan: die Antisemitiese Volksparty wat voor die eerste wêreldoorlog tot stand gekom het, het al in 1916 gekrimp van 18 tot 8 verteenwoordigers. 'n Latere poging van die Duitsnasionale Vryheidsparty het dieselfde weg gevolg, sodat toe Hitler in 1933 aan bewind gekom het, daar met uitsondering van sy aanhangers geen noemenswaardige politieke antisemitisme bestaan het nie. Die opvatting omtrent die Nordiese ras was ook nie 'n idee wat net aan Hitler eie was nie. Die Amerikaner Madison Grant, het reeds in 1916 in sy werk „Ondergang van die Groot Ras" breedvoerig daaroor uitgewei, en wie sal wil betwis dat Hitler in hierdie geskrifte nie krag vir sy rasseleer geput het nie?

### ONTEVREDENHEID

In elk geval kan nou reeds vasgestel word dat die politieke antisemitisme van Hitler die Duitse volk veel minder beïnvloed het as wat in die buiteland aangeneem word. Uit die gesteshouding van die brief van Adolf Bleibtreu blyk selfs dat hy eerder uit ontevredenheid as oortuiging sy haat behou het.

Die Amerikaanse deskundige Jack Hain, wat onlangs 'n ondersoek in Duitsland ingestel het, het in verband met die Jode tot die volgende slotsom geraak: Die Duitse werkgewers, hetsy privaat of amptelik, maak geen verskil tussen Jode en Duitsers nie. Ook in die vrye beroepe vind Joodse dokters en andere dit nie alte moeilik om praktyke op te bou nie, **hoewel dit met Joodse besigheidslui daarenteen moeilik gaan.**

### WIE GEHAAT WORD

Wanneer van die Jode in Duitsland gepraat word, moet daar onderskei word tussen die 20,000 inwoners en die 30,000 Jode wat in kampe of in daartoe opgekommandeerde stadsdele woon. Wat die heer Hain berig het, het betrekking op die 20,000 Joodse inwoners. Die 30,000 in kampe is 'n groep op sigself. Hulle wag nog op passate na Amerika, Australië, ens. maar hoofsaaklik na Palestina.

**Die afstand tussen hulle en die Duitse volk is eerder toe te skrywe aan die asosiale houding van hierdie verplaaste persone as aan hul afkoms.** Toe die besettingsmagte deur middel van UNRRA in 1945 in sy ywer om die regte te herstel van politiek-vervolgdes — waartoe die vrywillige Poolse arbeiders in Duitsland hulle baie gou gevoeg het — die rantsoene van „verplaaste persone" verdubbel en verdrievoudig het, het die groot hongersnood vir die Duitse volk begin. **In die woonbuurtes van die verplaaste persone daarenteen het deels uit die oorskiet van hul rantsoene en deels uit oorlogswinsmakery bloeiende winkels ontstaan wat alles teen hoë swartmarkpryse aangebied het waarvan die hongerige toeskouers met wettige middele en eerlike arbeid verstoke moes bly. Terwyl aan die eenkant honder-duisende vlugtelinge en bombeskadigdes in skuilkelders en gate moes woon — en vandag nog woon — het die woonbuurtes van verplaaste persone vir sulke doeleindes oopgestaan, maar nie vir die Duitse polisie nie — hulle is deur die militêre regering toegang verbied. Die optrede van die besetters om die verhuising van hierdie verplaaste persone vir so 'n lang tyd teen te staan, bly een van die onverklaarbare dinge.**

Is dit dan in sulke omstandighede te verwonder at spanninge ontstaan? En aangesien dit by hierdie verplaaste persone veral om Jode gegaan het, is niks makliker as om hierdie spanning, wat hoofsaaklik van sosiale aard was en nog is, sonder meer op rekening van Duitse anti-Joodsheid te plaas. In Duitsland bestaan daar geen twyfel oor die herstel van regte van werklike politiek-vervolgdes onder die Nazi-bewind nie, **maar dit bly 'n dwase soort regsherstel wanneer die duiwel met Beëlsebul uitgedryf moet word en daardeur in Duitsland 'n anti-Joodse gevoel ontstaan wat van binne heelwat anders lyk as van buite.**

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

## O.B.-FONDSDAG

Kom geniet 'n aangename dag saam met die Goudini kommando's. **Op Saterdag 10 September 1949 om 10-uur vm.,** op die plaas van mnr. Koos de Wet, Houmoed, Rawsonville.

Skyfskiet, jukskei en toutrek.

*Verversings word verskaf.*

*SPREKER:* Prof. D. van Rooy van Potchefstroom.

**Om 2-uur nm.**

**ALMAL WELKOM.**

# Geallieerdes Onthuts Oor Verwikkelinge In Duitsland

**Berigte uit Duitsland lui dat die opheffing van lisensiëring van koerante in Britse en Amerikaanse Duitsland die heruitgawe op groot skaal van voormalige Nazi-koerante tot gevolg sal hê.**

'n Britse woodvoerder het verklaar dat net twee van die 53 dagblaaie in Brits-Duitsland hul eie drukperse het en dat dit sterk betwyfel word of meer as 'n paar van hierdie gelisensieerde koerante sal kan voortbestaan wanneer die voormalige Nazi-koerant herverskyn. Verwag word dat 80 persent van die koerante wat in Hitler se Duitsland uitgegee is weer onder hul oorspronlike name sal verskyn en in baie gevalle onder redaksie van die toenmalige redakteurs.

Die bekende anti-Joodse blad **Der Steurmer** sal weer uitgegee word deur die voormalige drukker en uitgewer daarvan, Willmy. Die voormalige redakteur van die **Deutsche Allgemeine Zeitung**, Ottman Bast, sal die hoofredakteur wees van die Neurer Kurier wat in Neurenberg uitgegee sal word.

### HITLER

In 'n onderhoud het Bast hom soos volg uitgedruk oor die beleid van sy blad: „My koerant sal die Duitse volk vertel wat hulle verloor het in Hitler."

Die besettingsowerhede is erg besorg oor die herverskyning van hierdie blaaie op die vooraand van die herrysenis van die sg. Federale Republiek. Dit word geglo dat hierdie koerante ultra-nasionaal, opswepend, anti-demokraties, anti-Joods, anti-verplaaste persone en anti-Geallieerdes sal wees.

Die uitgewers van die vrye Duitse blaaie het hulleself georganiseer in 'n Persvereniging onder voorsitterskap van dr. Walter Jaenicke, wat verklaar het dat dit die doel van sy vereniging is om die gelisensieerde koerante te beveg tot die bitter einde toe.

### OOK BEWEGING

Voorts word berig dat Joachim von Ostau 'n nuwe organisasie wat nazistiese beginsels bely, gestig het. Die naam van die organisasie is die ArbeiderspartY vir Volkseenheid. Die doel van die organisasie is „die samesnoering van alle nasionalistiese rigtings en die daarstelling van die voorvereistes vir 'n magtige volksbeweging." **Op die stigtingsvergadering het Ostau gesê dat dit kortsigtig van die besettingsowerhede is om ontwakende nasionale en rewolusionêre gevoelens te onderdruk. Sodanige onderdrukking sal die Duitse jeug in die arms van die kommuniste jaag.**

## JODE VREES DUITSLAND

Die mening dat Duitsland die grootste gevaar vir die Jodedom inhou, is verlede week deur dr. Goldman, waarnemende president van die Joodse wêreldkongres, uitgespreek. Denazifikasie was 'n volslae mislukking en vandag is daar al weer Nazi's op sommige gebiede aan die hoof, ondanks die verhoor van oorlogsmisdadigers het hy gesê. Die gevaar bestaan dat Duitsland die sentrum van die verspreiding van antisemitsme dwarsdeur die wêreld kan word, selfs al sou daar geen enkele Jood meer in Duitsland agterbly nie.

## Besluit Oor Rantsoenering Van Petrol Reeds Geneem

**'n Berig in die Engelse pers meld dat die regering reeds klaar besluit het op die invoering van petrolrantsoenering, maar dat dit nie voor die einde van die jaar ingestel sal word nie.**

Volgens die berig het daar onlangs 'n geheime vergadering in Pretoria tussen verteenwoordigers van die motorhandel en die regering plaasgevind waarop 'n nuwe skema van rantsoenering voorgelê is. Besonderhede van die stelsel het nie uitgelek nie, maar na verwag word sal die verantwoordelikheid vir inkorting op die oliemaatskappye en petrolpompe geplaas word.

Die berig voeg daaraan toe dat die regering se motorvoertuie se petrolverbruik met 50 persent sedert 1947/48 toegeneem het, en dat verwag kan word dat amptelike motors die voorbeeld vir besparing sal stel.

Petrolverbruik in die Unie het van 250,000,000 tot 360,000,000 gelling toegeneem sedert twee jaar gelede.

## Partypolitiek Dwing Mense Tot Swye

**Die uitbuiting van sekere vraagstukke, veral dié in verband met kleur, het reeds so 'n indruk op die volk gemaak dat vooraanstaande persone nie meer bereid is om 'n mening uit te spreek daaroor nie uit vrees dat hulle in die partypolitieke vaarwater mag beland.**

Hierdie toedrag van sake is geopenbaar toe die voorsitter van die S.A. Landbou-unie, mnr. G. J. Rossouw, nie sy organisasie se standpunt ten opsigte van naturelle-vakbonde wou gee toe hy daaromtrent gevra is deur die voorsitter van die ondersoekkommissie insake nywerheidswetgewing. Mnr. Rossouw het gesê dat dit 'n baie netelige saak is vir 'n organisasie wat steeds uit die partypolitiek probeer bly, om 'n mening daaroor uit te spreek.

## Besondere Aandag Aan Afrika

Mnr. Charles te Water, buitengewone gesant van die Unie, het by die Eerste Minister aanbeveel om 'n afdeling vir Afrika binne die Departement van Buitelandse Sake in die lewe te roep. Hy het gesê dat daar deeglik met Afrika rekening gehou moet word in ons buitelandse beleid. Ten spyte van skadelike berigte in die noordelike gebiede het hy daar 'n sterk begeerte aangetref tot nouer samewerking met die Unie.

# Skokkende Lektuur Vir V.S.A.-Jeug

**Die soeklig op die betreurenswaardige leesstof wat in Amerika onder jongmense versprei word, word gewerp deur die Britse blad Peoples Post in sy uitgawe van Julie. Die blad verklaar dat mens min of meer gewoond is aan die oppervlakkige aard van meeste van die artikels in Amerikaanse tydskrifte ten spyte van die hoogstaande tegniek daarvan. Maar die skrywer was geskok om 'n aantal tydskrifte vir jongmeisies van skoolgaande ouderdom onder oë te sien.**

Liefdesverhale daarin beskryf die blad as ongelooflik laf en, in teenstelling met goedkoop lektuur van hierdie aard in ander lande is daar geen pretensie van liefde of eer nie, dog slegs 'n verheerliking van geslag en geldmakery.

Daar is artikels wat die meisies adviseer oor kleredrag, grimering en die kuns om kêrels te lok. Onder die opskrif „Terug na die Skool" raai 'n artikel die dogters aan om hul wenkbroue swart te smeer, 'n lipstiffie en reukwater te gebruik. Die model wat die artikel vergesel word beskryf as „kêrellokaas."

In dieselfde gees word skooldogters aangeraai om hul telefoonnommer op die bors te steek. Dit sal dan 'n groot aantal verrassingsoproepe van vreemdelinge besorg.


Die advertensies in die blaaie oortref nog die leesstof. Skoolrokke word uitsluitlik geadverteer vir die vermoë wat hulle het om kêrels aan te trek. Kinders word aangemoedig om hul liggame te verslank met behulp van patente-middels en boeke te koop wat hulle leer „Hoe om hom aan die raai te hou" en „Hoe om hom 'n liefdesverklaring te laat doen."

## Atoombom Se Dodelys 3 Maal Hoër

Daar is tussen 210,000 en 240,000 Japanners in Hirosjima gedood, toe die atoombom op 5 Augustus 1945 daar afgegooi is, het die burgemeester van die stad, Sjimzo Hamai, in 'n uitsaaipraatjie verklaar.

Amerikaanse owerhede het die sterftesyfer amptelik beraam op tussen 70,000 en 90,000.

Hamai verklaar dat sy skatting gebaseer is op die aantal rantsoenkaartjies wat voor en na die ontploffing uitgereik is. Hy het verklaar dat daar 30,000 troepe gedood is.

**ALMAL afhanklik van Assuransie!**

**Die KINDJIE**—vir die sekerheid van 'n geldelik versorgde lewe, al is die ouer dan nie meer daar nie.

**Die SKOOLSEUN**—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

**Die STUDENT**—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

**Die EGPAAR**—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

**Die WEDUWEE**—vir 'n leeftog vir haarself en haar kroos, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

**Die GRYSAARD**—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

**Vir ELKEEN is daar 'n SANLAM-Polis!**

SANLAM







SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-4



# Sorgvuldige adressering verseker korrekte aflewering

| Dit is ONSEKER | Dit is VEILIG |
|---|---|
|  Moenie afkortings gebruik nie. |  Verf of sjabloneer alle name en adresse duidelik en volledig op die pakkie self, waar moontlik. |
|  Moenie pakkette met ou name en adresse of etikette daarop versend nie. |  Verwyder of wis alle ou etikette of merke uit. |
|  Moenie dun etikette gebruik wat swak aangeheg is nie. |  Gebruik sterk etikette wat aan albei kante stewig met draad vasgemaak is |

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind dit goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal.

*Hierdie is die tweede in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

**Teekamer op hoof Tuin Roete** in pragtigste deel van ons land tussen Knysna en Wildernis, lieflike weer die hele jaar deur. Volop vis en naby die see. Bemeubeleerde nuut geboude hout Bangalow met boorgat. Goeie tuingrond 60 x 100 vt., 50 goeie lê henne ingesluit. Duisende karre gaan hier verby. **Prys £1,500. Skryf aan X.Y.Z., Die O.B. Posbus 1411, Kaapstad.** 7/9/1

### TE KOOP

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**BEESTE:** Opreggeteelde ongeregistreerde Frieslandbulletjies, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoeie . Ook koeie en verse. **Zeeman,** Robertson 13/7/T.K.

**ALSATIAN-HONDJIES** uit kampioenstamboekouers. Kwaai en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/-. — **Zeeman, Robertson.** TK/30/3

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**PATATRANKE:—** Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-. Steggies reg vir plant ses- en driemaande 6/- per 1000. Borrie 7/-. Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hoekwil, George.** 24/8/TK

**WATTELPALE EN SPARRE.** — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling. 31/8/TK

### GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GRYS HARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

### MEDISYNE

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### MEUBELS

**MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.**

### SOUT

**SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

## IS U 'N REPUBLIKEIN?

## Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby

ingesluit vind u die bedrag van..............................

vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..............................

..............................

..............................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# SUID-AFRIKA WORD 'N TERINGLAND

## DURBAN SES MAAL ERGER AS LONDEN

**'n Waarskuwing dat sonnige Suid-Afrika vinnig besig is om 'n land van teringlyers te word, spreek uit syfers wat in die afgelope tyd deur deskundiges op hierdie gebied verstrek is. Die siekte is besig om so 'n omvang aan te neem dat dit dreig om een van die dringendste vraagstukke van die land te word. Omdat ondervoeding 'n belangrike faktor in die verspreiding van die siekte is, bring dit mee dat hierdie vyand hoofsaaklik op die ekonomiese terrein aangedurf sal moet word.**

Volgens die Sekretaris van Gesondheid, dr. G. W. Gale, is dit heeltemal moontlik dat 'n kwartmiljoen mense in die land tering in een of ander vorm onder lede het. **Elke dag sterf daar 30 mense in die Unie aan tering, volgens mnr. G. E. Stent, sekretaris van die vereniging vir bestryding van tering in 'n lesing.** Die jaarlikse sterftesyfer aan hierdie siekte is 20,000, en dit tref veral manlike persone tussen die ouderdomme 15 en 40 jaar.

Die hoë sterftesyfer in die stede is gelykmatig versprei onder die verskillende rasse. Of daar 'n rassefaktor teenwoordig is, kan nog nie met sekerheid gesê word nie. Moontlik is die oorsprong te vinde in die swak behuisingstoestande en ondervoeding van nie-blankes. Die mening dat blankes gerus kan wees is verkeerd. Ons behoort die sterftesyfer wat by ons blankes as gevolg van die siekte voorkom, te vergelyk met ooreenkomstige inkomstegroepe in Europese lande.

Ons moet byvoorbeeld op die volgende feite let: Terwyl die sterftesyfer vir alle rasse in Durban 382 per 100,000 per jaar is, is die syfer vir blankes 55, Indiërs 243 en Bantoes 928.

**BEDREIGING**

„In Oos-Londen is die sterftesyfer vir blankes 65 en vir nie-blankes 931, wat die gemiddeld vir die verskillende rasse op 457 stel. In Port Elizabeth is die syfer (ook per 100,000) vir blankes 80, Kleurlinge 657, Bantoes 900 en alle ander rasse 482.

In Londen is die sterftesyfer vir alle rasse 64 per 100,000 per jaar en die sterftesyfer onder gesinne in die inkomstegroep vanaf £300 tot £1,000 is tussen een en twee.

**Ons moet in Suid-Afrika die ernstige bedreiging begryp wat blankes moet verduur in 'n omgewing wat besmet is met tering.** Dit is om hierdie rede dat die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bestryding van Tering gestig is het mnr. Stent verklaar.

Hy het gesê dat die saak deur sakelui gedien kan word deur die fonds te steun, deur die voedingstoestand te ondersoek, om die wydverspreide instelling van regstreekse voeding van arbeidskragte aan te moedig en werkgewers te steun wat gretig is om gesondheidskemas vir hul eie werknemers te stig.

## Regering Wil Cowboy-Perde Invoer

**Ryperde van die soort wat deur cowboys gebruik word sal uit Amerika ingevoer word sodra die regering 'n lening in die V.S.A. kan kry, word berig. Die doel is om perde vir teeldoeleindes in te voer met die oog op gebruik in die kommando's. Hulle is glo taaier en vinniger oor lang afstande as die klas perd wat tans gebruik word in ons land.**

In 'n persoonderhoud het dr. P. J. Schroeder van die Departement van Landbou, gesê dat dit noodsaaklik is dat boere in die Unie meer aandag skenk aan perdeteelt. Meganisasie van die boerdery is oorsaak dat daar 'n agteruitgang in ons perdeboerdery is, maar in Amerika wat die mees gemeganiseerde landboubedryf het, het die meeste perde-telers. Slegs 10.8 persent van die Amerikaanse plase is ten volle gemeganiseerd teenoor 39 persent waar uitsluitend diere gebruik word. Op die res word albei gebruik.

## Vryheidsoorlog Herdenk Op Klerksdorp

Die Paul Krugerdag-vereniging van Klerksdorp gaan 10 Oktober vanjaar vier in die teken van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog 50 jaar gelede.

Die verrigtinge begin om 8-uur in die oggend met 'n optog van perderuiters en motorkarre vanaf die Adamaykoppie tot by die Voortrekkermonument op Paul Kruger-plein, waar 'n godsdiens rede gehou sal word. Die res van die verrigtinge vind plaas in die Schoonspruit-saal. As redenaars sal onder andere ook optree min. J. G. Strydom, min. Paul Sauer en mnr. Jim Fouché.

## Paartjie Verbied Om Te Trou

'n Paartjie is by die Randfonteinse magistraatshof verbied om in die huwelik te tree, omdat albei die ouers van die voorgenome bruid in hul huweliksertifikaat as van gemengde ras beskryf is.

Toe die meisie se moeder haar huweliksertifikaat voorgelê het, het die assistent-magistraat, mnr. J. C. van der Walt, verklaar dat sy en haar eggenoot op die sertifikaat as van gemengde ras beskryf word en dat haar dogter derhalwe ook van gemengde ras is.

Kragtens die Wet op Gemengde Huwelike, word haar dogter nie toegelaat om met 'n blanke te trou nie. Die moeder het hewig beswaar gemaak, maar die magistraat het geweier om die huwelik te voltrek.

Dit is die tweede geval sedert die aanname van die wet dat 'n huwelik verbied is.

## Spesiale Howe Straf Swaar

Spesiale howe vir oortredings van die prysbeheer-maatreëls het verlede week met hul werksaamhede begin. Die beleid is om swaar strawwe toe te pas op swartmarkbedrywighede. In Kaapstad is boetes wat wissel van £45 tot £2 10/- opgelê. Omdat hy 'n skoonmaakmiddel 6d. bo die vasgestelde prys verkoop het, is 'n handelaar byvoorbeeld met £30 beboet.

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

**G. A. FICHARDT Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

## Watervermoë Van Unie Ondersoek

**Die Besproeiingsdepartement is besig met 'n landswye opname van ons waterbronne.**

Dit is reeds 'n jaar aan die gang en 'n voltydse personeel van navorsingsingenieurs en tekenaars is in die veld gestoot.

Die verslag, in die vorm van kaarte met verduidelikende aantekenings, sal moontlik oor 'n jaar verskyn.

Doel met die opname is om 'n grondslag te verkry vir toekomstige beplanning vir die ontwikkeling van ander hulpbronne.

Die opname is deels gebaseer op rekords betreffende stroomvloei, reënval, verdamping, slik en vloede van riviere sedert die dae voor Unie. Weens die wisselvalligheid van natuurverskynsels is dit nou slegs moontlik om die rekords op landswye grondslag vir ontleding beskikbaar te stel.

Een belangrike gevolgtrekking waartoe reeds geraak is, is dat daar water vir alle verbruikers is indien hulle hul behoeftes kan reël ooreenkomstig die mate waartoe riviere ekonomies gereguleer kan word met behulp van opdamming.

**ARMOEDE**

**Die Minister van Lande, mnr. J. G. Strydom, het op die kongres van die Landbou-unie gesê dat elke druppel water in die Unie wat na die see loop opgegaar sal moet word indien ons 'n bevolking van 20,000,000 in die Unie wil opbou.** Ons land se waterarmoede blyk uit die feit dat die Zambesi alleen net soveel water see toe voer as al die riviere in die Unie tesame, en dat al ons besproeiingsdamme tesame maar iets meer as eentiende van die water in die Boulderdam in Amerika bevat.

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 7 SEPTEMBER 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

# DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

### HOOFSTUK VI

Sussie se ogies is nou so groot soos pierings. Sy lyk net soos 'n hasie wat gereed is om met die geringste geluidjie, te laat spaander. Maar haar handjie rus vertroulik en stewig in haar groot boetie se hand. Sy kyk nie na die huisie nie. Sy kyk na hom.

Op eens verstyf klein Ben. 'n Man het tot langs die huisie beweeg. Bly klop sy hartjie toe dit vir hom lyk of dit een van die vlugteling-omies is wat nou by hulle woon. Maar toe skrik hy baie groot. Die man het na hulle gedraai en klein Ben sien sy hele gesig. Outomaties koes hy agter die bos in en trek vir Sussie plat langs hom. Want die man kan hulle sekerlik sien, dink hy. En die man is die speurder wat die môre gesit en slaap het toe hy hulle so laat skrik het langs die muur in die sonnetjie.

Nou klop Bennie se hartjie soos hy nog nooit geklop het nie. So bang en benoud soos hy nou is, sal hy seker nooit weer word nie. „Is dit 'n moordenaar?" vra Sussie en haar gesig vertrek sommer, gereed om te grens.

„Jy moenie nou huil nie, Sussie, want dan vang die speurders ons en stop ons in die piek-mie-up," waarsku klein Ben.

Hy is nog heeltemal dom en weet regtig nie wat om nou te doen nie. Vaag wonder hy wat die ou slaperige speurder eintlik hier by hulle boshuisie kom soek. Toe besluit hy dat hulle dadelik huistoe moet gaan en vir sy pappie moet gaan vertel dat die speurders al weer hulle boshuisie ook wil kom vat.

Want sy pappie-hulle sal nie weer vir die speurders weghardloop nie. Hy het mos self die ses gewere gesien wat hulle een aand in die huis skoongemaak en olie gegee het. Nee-a, sy pappie en die ander omies sal die ou speurders die keer laat hardloop. En miskien nog vir oom Jannie ook. En dan sal hulle sien waar hy met sy bakleiery kom!

Maar toe val dit hom by dat sy pappie vroeg die oggend al van die huis af weg is. En sy pappie het sweerlik die kar gebruik wat hulle hier wegsteek. En as hy terugkom, sal hy reguit hierheen ry en die kar weer kom bêre. En sy pappie sal kom en niks weet van die speurders nie en nie eers 'n geweer by hom hê nie. En . . . Aan die res wou klein Ben maar nie dink nie.

Nog twee ander speurders het langs die eerste kom staan en klein Ben het hulle dadelik herken as die ander speurders wat hy saam met die eerste een, die oggend so die loef afgesteek het. En vir hulle is hy tog nie so vreeslik bang nie.

Hy en Sussie het net gewag totdat hulle weer verdwyn en toe het hulle opgestaan en baie versigtig die terugtog in die ruie bosse aanvaar. Klein Ben se plan is dan ook reeds klaar uitgewerk.

Hy redeneer so: Die speurders wag vir sy pappie by die huisie om hom daar te vang as hy die kar wil bêre. En nou is sy plan om daar waar die plantasiepaadjie begin, net voordat 'n mens tussen die bome indraai, vir sy pappie te wag.

En as sy pappie kom, sal hy hom voorstaan, en vir hom sê dat die speurders vir hom by die huisie wag. Dan kan sy pappie en die ander omies hulle gewere gaan haal en hulle vang en hulle arms aanmekaar vasbind soos hulle, die speurders, met die ander omies gemaak het wat hulle gevang het.

Hy en sy sussie het geloop tot waar die paadjie tussen die bome indraai. Dit was nou al laat want hulle moes 'n baie ver ent geloop het. Dit het ook koelerig geword en toe hulle 'n rukkie gesit het, het Sussie begin kla dat sy koud kry. Klein Ben het sy baadjie uitgetrek en vir haar gegee om aan te trek. Hy het haar ook vertel dat hulle hier moet wag om hulle pappie te waarsku anders ry hy in die speurders se hande vas en word doodgeskiet. En dit wil sy tog nie hê nie.

Maar sy pappie het nie gou gekom nie. Dit het naderhand al regtig laat geword. Die son het al onder gegaan en nog het sy pappie nie gekom nie.

„Bennie, ek word bang", het Sussie in 'n baie klein stemmetjie gesê.

En dit is presies net hoe klein Ben gevoel het. Maar hy het darem moedig berispe. „Ons moet nie bang wees nie, Sussie, ons pappie is dan 'n stormjaer."

Maar hy het baie bang begin word. Dit het nou skemer geword en hy was so bang sy pappie kom dalk nie terug nie. En sê nou maar net hulle twee moet alleen in die donker deur die bos loop? Hy sal mos nooit die pad kry nie. Hy het begin dink aan die storie wat sy mammie hom vertel het van die twee weeskindertjies wat in die bos verdwaal het en hoe hulle toe dood is van honger en hoe die voëltjies hulle met blare toegemaak het. En nou het hy ook begin koud kry — sommer baie koud kry.

Maar toe sien hy 'n yslike gevaarte in die skemer aankom. Hy skrik hom boeglam. Sussie klou aan sy arm vas en wil net skree. Maar hy sê: „Dit is pappie met die kar." En hy spring ook op en keer die stadigbewegende kar voor.

„Pappie! Pappie! Hou tog stil!" skree hy angstig.

Sy pappie hou stil. „My hemel, Bennie, my kind!" sê sy pappie verras. „Wat soek jy hier?"

„Pappie die bos is vol speurders en hulle wil Pappie vang." Hy sukkel om te praat want hy bewe; en noudat die gevaar verby is, wil die trane net kom. Sussie kom ook nou by, maar sy grens onkeerbaar.

Hulle pappie maak die motor oop en hulle klim in. Daarna draai hulle kortom, en ry terug in die rigting van die stad.

Die ander omie bestuur. Bennie se pappie het vir Sussie styf in sy arms en troos haar terwyl sy nog onbeheersd huil. Maar klein Ben is alreeds oor sy eerste trane. Sy pappie vra hom nou uit; en hy vertel alles omtrent die dag toe hulle nie huis ontdek het, hoe hulle nie daarvan wou praat nie omdat sy pappie hulle nog niks van die huisie vertel het nie. Maar dat hulle elke dag na die huisie gegaan het en vandag die speurders daar gekry het en toe besluit het om hulle pappie voor te staan en te waarsku sodat die speurders nie vir hom en die ander omies kon vang nie.

Sy pappie het nie dadelik iets gesê nie. Maar na 'n rukkie vra hy aan die ander omie. „Giel, wens jy nie jy het al so 'n flukse seun en dogter nie?"

En die ander omie was net so bly vir wat hulle gedoen het.

Hulle het toe maar met 'n ander draai direk huistoe gery; want klein Ben se pappie het

(vervolg in kol. 5)

(vervolg van kol. 3)

gesê hulle moet gou maak want sy mammie staan seker 'n vreeslike onrus uit omdat haar kinders nie tuis is nie.


Die volgende dag het hulle toe maar weggetrek van die huis tussen die bome en weer iewers in die stad kom bly. Hieroor was klein Ben baie spyt. Maar veral het dit hom teleurgestel omdat sy pappie-hulle nie die speurders daar gaan wegboender het nie. Hy het daaroor met sy pappie gepraat; maar sy pappie het net gesê: „Wag tot jy groter is, my dapper seun, dan sal jy verstaan."

(Word vervolg)

## BRIEWE-KOLOM

**As gevolg van drukke werksaamhede moes die Briewe-kolom oorstaan tot aanstaande week.**

# 16 DESEMBER KOM!!



Ja, u het seker nog nie daaraan gedink dat daar maar nog net drie maande oor is voordat ons na die Voortrekkermonumentsonthulling gaan nie, nie waar nie? En hoe kort is die tyd nie vir die reuseorganisasie-werk wat nog voorlê nie? Hieronder volg 'n paar wenke wat u kan volg, wat baie sal help om onnodige werk uit te skakel:

1 OFFISIERE: Sien onmiddellik toe dat al u Boerejeug-lede 'n vormpie in die hande kry, invul as hul saamgaan, en dadelik pos. U kan help deur al die vormpies te kollekteer en gesamentlik aan ons pos VOOR 15 September, sodat dit Boerejeughoofkwartier nie later as 20 September bereik nie.

2. Samel soveel geld in deur middel van funksies sodat lede wat nie al die reisgeld en laerfooie kan betaal nie, gehelp kan word. Gebied A se offisiere kan hierdie geld inbetaal by Gebiedshoofkwartier Posbus 1411, Kaapstad. Meld egter dat die geld vir die „16-DESEMBER-FONDS" is. Hierdie geld word alleen gebruik om u afdeling se lede te help.

3. Volg die instruksies, soos uiteengesit in 'n omsendbrief wat u eersdaags sal bereik, noukeurig na.

4. Reageer onmiddellik op enige Bevel of kennisgewing wat aan u gestuur of in DIE BOEREJEUG geplaas word. Indien u te lank wag veroorsaak dit onnodige vertraging en dit hou al die ander organisasie-werk agter.

5. Skryf onmiddellik aan Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad indien u enige kennisgewing nie duidelik genoeg vind nie. Moenie versuim om te vra indien u duidelikheid oor een of ander punt wil weet.

6. Skryf aan DIE BOEREJEUG-REDAKSIE, POSBUS 3471, KAAPSTAD en vertel watter reëlings u afdelings tref.

7. Lede wat die uniform wil aankoop moet aangemoedig word om dit dadelik te bestel van Boerejeughoofkwartier.

8. Doen gereeld huisbesoek en moedig die ouers aan om hulle kinders saam met DIE BOEREJEUG te laat gaan.

9. Rig u manskappe af sodat elkeen in staat is om vlag te hys en te stryk. Sorg dat almal goeie kennis dra van paradewerk.

# DRINGENDE OPROEP

**Sal Boerejeug-offisiere en lede, asook van ons ouers wat SAAM MET DIE BOEREJEUG na die Voortrekker-monument-onthulling gaan asseblief dadelik hierdie vormpie invul en aan ons pos? Indien u meer vormpies benodig, sal ons bly wees as u onmiddellik met BOEREJEUG-HOOFKWARTIER, POSBUS 3471, KAAPSTAD, in verbinding sal tree sodat ons meer vormpies aan u kan pos. Ons het hierdie besonderhede nodig VOOR OF OP 20 SEPTEMBER.**

**Die reiskoste na die fees sal ONGEVEER as volg wees:**

**Lede bo 16 jaar — £5 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**

**Lede onder 16 jaar — £3 0s. 0d. (Vanaf Kaapstad).**

**(Reiskoste soos hierbo gemeld is almal RETOER).**

**LAERFOOIE: £1 10s. 0d. per kop.**

**Die laer duur van 12 Desember tot 18 Desember.**

**Die Stafhoof,**
**Boerejeughoofkwartier,**
**Posbus 3471,**
**KAAPSTAD.**

**Waarde Heer,**

**Ek is van voorneme om saam met die BOEREJEUG na die Voortrekkermonument-onthulling te gaan teen die einde van die jaar. Hieronder vind u verdere besonderhede.**

**(SKRYF ASSEBLIEF IN BLOKLETTERS)**

**NAAM:** ..............................................

**VOLLEDIGE ADRES:** ..............................................

.............................................. **RANG:** ..................

**OUDERDOM:** ........................ **GESLAG:** ..............................

**REIS U PER TREIN SAAM MET DIE BOEREJEUG?** ...........
(Ja of Nee)

**OP WATTER STASIE SAL U OPKLIM?** ..............................
(Tye van treine en verdere besonderhede insake die treinreis word later bekendgemaak).

**BRING U VAN U VRIENDE WAT NIE-LEDE VAN DIE BOEREJEUG IS, SAAM?** ......................... **(Indien JA, stuur asseblief dieselfde besonderhede soos hierbo uiteengesit, op 'n aparte vel papier saam met hierdie vormpie wat u ingevul het. Gebruik asseblief 'n aparte vel vir elke vriend.)**

**Sal OFFISIERE asseblief toesien dat lede wat nie die blaadjie te lees kry nie, ook hierdie besonderhede kry en 'n vormpie invul? Laat ons almal saamwerk, Boerejeug, om van hierdie onderneming 'n groot sukses te maak.**

# VERJAARDAG-KETTING

**Hierdie maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.**

**SEPTEMBER**

8 Maria Fourie, Luckhoff, O.V.S.
Esias van Rooyen, Stellenbosch.
Etienne von Weilligh, Paarl.
9 Anita Hugo, Franschhoek.
10 Jacobus van Zyl, Paarl.
Stefanus Koekemoer, La Motte, K.P.
Magdalena van Niekerk, Middelburg, Tvl.
11 Yvonne Eksteen, Franschhoek.
12 Giliomee van Rensburg, Frankfort, O.V.S.
Roelfie van der Merwe, Slabberts, O.V.S.
J. H. Söhnge, Stellenbosch.
Theunis Swanepoel, Paarl.
14 Pierre Theron, Sutherland.
15 Johanna Landman, Humansdorp.

# Partypolitiek Gaan S.W.A. Uitmekaar Skeur

## V.P. Lek Lippe Af Selfs Vir Godsdienstige Verskille

**Dat die Verenigde Party van elke moontlike verskilpuntjie gebruik sal maak om tweedrag in Suidwes-Afrika te saai met die oog op 'n stemme-oes in die verkiesing van ses lede vir die Unie-volksraad aanstaande jaar, kan afgelei word uit 'n berig in die Cape Times waarin oor die kanse van die Verenigde Party uitgewei word. Selfs die godsdiens sal nie buite rekening gelaat word nie.**

**Dit is duidelik dat partypolitiek nie net diep skeure in die bevolking van Suidwes sal nalaat nie, maar hom ook sal laat geld ten opsigte van die betrekkinge tussen die twee gebiede.**

**Die berig meld dat die kanse vir die Verenigde Party baie gunstig lyk, aangesien dit wil voorkom of die Herenigde Party hom deerlik misgis het toe hy gemeen het dat die meerderheid van die ses setels nasionaal sal wees. 'n Duitse ondersteuner van die V.P. meen dat laasgenoemde vier en miskien vyf setels sal kan wen.**

Die korrespondent verklaar dat waarnemers van mening is dat die Verenigde Party „'n slinkse set uitgevoer het" deur met 'n beleid van Suidwes eerste na die kiesers te kom.

Daar is 'n sterk plaaslike gevoel van patriotisme en trots, en die Duitsers, aldus die korrespondent, sal net so gou as enige ander groep wees om kwaad te word vir enige poging om die gebied as 'n aanhangsel van die Unie te beskou.

**LIEFS DUITSLAND**

'n Ander gunstige aspek vir die Verenigde Party is die ekonomiese kwessie. Die Unie se ekonomiese moeilikhede het hom nie juis aanbeveel by die bevolking van Suidwes nie, en die invoerbeheer vind geen ondersteuning veral by die Duitsers nie, wat graag wil help om Duitsland se uitvoer herstel te kry.

„Daar word ook tot 'n mate staat gemaak op die feit dat tweederdes van die Duitse bevolking van 5,000 Roomskatolieke is wat vyandiggesind is jeëns die leerstellings van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

**„KLEIN DINGETJIES"**

„Selfs klein dingetjies soos die dranklisensie-wette van die Unie, so word gevoel, sal meehelp om die stem-slinger te swaai."

Bostaande verkenning van die politieke terrein met die oog op die aanstaande veldslag tussen die twee partye, gee 'n treffende aanduiding van die verwoestende werk van die partypolitiek wat selfs nie eens „klein dingetjies" soos drankreëlings buite rekening laat in sy totale oorlog — om nie eens te praat van groot dinge soos die godsdiens nie. **Elke naat in die volkslewe, hoe stewig of versteek ook al, word deur die partypolitiek onder die vergrootglas gebring in sy poging om volklid van volkslid te skeur.**

**TWEEDRAG**

**Die parlementêre konstitusie vereis nou eenmaal dat die volk in twee teenoor mekaar vegtende groepe verdeel moet word. As die politieke eenheid van die volk te stewig is om so 'n burgeroorlog moontlik te maak, dan sal daar desnoods gegryp word na godsdienstige leerstellings en „klein dingetjies" om skeuring en tweedrag in die volk te bewerkstellig — en dit alles net om 'n verouderde, uitheemse stelsel werkbaar te maak!**

Terwyl almal — soos selfs in die parlement geblyk het — 'n nouer samewerking tussen Suidwes en die Unie begeer, lek een party nou al sy lippe af in die vooruitsig dat hy stemme sal kan slaan uit die Duitsers se begeerte om liewer nouer met Duitsland saam te werk — **juis een van die redes waarom hierdie selde party Duitsers tien jaar gelede geïnterneer en later gedeporteer het! Vandag kan hierdie houding weer aangemoedig word omdat dit 'n paar stemme kan bring!**

## Onmoontlik Te Regeer Sê Dr. Steyn

**Die mening dat die grondwetlike en ekonomiese toestand van die Unie alleen op 'n breër grondslag as die huidige partypolitieke verdeling opgelos kan word, is verlede week deur dr. Colin Steyn in Durban uitgespreek.** Waarnemers sien sy uitlating aan as 'n wenk vir 'n koalisie. Dr. Steyn het gesê dat tensy die een of ander bestendige vorm van regering in Suid-Afrika ontwikkel kan word, bestaan daar weinig hoop dat daar weer vertroue in die land sal kom. Hoewel hy meen dat die regering se krag aan afneem is, vrees hy dat daar in die Unie altyd twee sterk blokke teenoor mekaar sal staan wat geen regering, ongeag wie dit is, in staat sal stel om die land behoorlik te regeer nie.

## O.B.-DAG FUNKSIE!

**Saterdag 17 September 1949**

om

**7-uur nm. op die plaas van**

**Komdt. C. P. J. du Toit, Houtbaai, Malanstasie.**

**AANDETE EN BRAAIVLEIS.**

*TOESPRAAK*: W. R. LAUBSCHER.

Alle offisiere en Brandwagte van omliggende kommando's word uitgenooi om mee te doen. Opbrengste gaan vir O.B.-dag Fondse.

# VOORTREKKERFEES

(vervolg van bl. 1 kol. 5)

**die monument geweer moes word weens die politieke of amptelike kleur wat hy met hom sou meebring, dan is dit 'n onreg aan sy nagedagtenis dat nie net die Eerste Minister van vandag kan doen wat hom indertyd ontsê was nie, maar dat selfs die leier van die opposisie die plek kan gaan volstaan wat aan hom as groot Afrikaner geweier is.**

**WAT GAAN VOLG?**

Die hoeksteenlegging van 1938 het ons volk nie net opnuut besiel in sy roeping nie, maar het hom ook sy waaragtige eenheid bokant kunsmatige partyverdeeldheid laat ontdek. **Maar wat belowe 1949? Die eenheid wat dáár sal heers, is dié wat gevind word op 'n tuinparty van die Goewerneur-generaal, waar kollegas van teenoorgestelde partye glasies klink om die volgende dag mekaar weer met partypolitieke modder te betakel. Geen magtige eenheidsdrang uit 'n herontdekking van ons broederskap kan uit hierdie fees gebore word nie, geen gelofte om mekaar se hande nimmer te laat los nie. Inteendeel. Op die gelofte van 16 Desember sal weer volg die „gebruiklike mosie van wantroue" op 16 Januarie.**

**HONGER**

In plaas van die magtige volksbewuswording van 1938 wat opgebeur het na die ideale wat die Voortrekkers as erfenis nagelaat het, sal die nageslag van hierdie vryheidshelde geestelik leeg en honger terugkeer om die pad van partypolitieke verwarring verder te bewandel en saam met die politieke partye op die „pad van Suid-Afrika" te kla oor die „ongelukkige volksverdeeldheid" — **tensy die regering die voorbeeld van genl. Hertzog volg en die fees in die hande laat van die volk. En aangesien die program nog nie aangekondig is nie, kan die verkeerde bedoelings nog betyds gewysig word. Dit is geen kwessie van diskriminasie teen die Engelssprekendes nie. Die Voortrekkers het 'n boodskap om te oorhandig aan hul nageslag, en wel met veel meer reg as wat die Britse koning 'n boodskap oorhandig het aan die Engelssprekendes van Suid-Afrika — ook met staatsgeld.**

**DAG SAL KOM**

Maar die dag sal kom wanneer die Engelssprekendes in ons midde, so dan nie hul kinders, saam met ons sal optrek na Monumentkoppie om daar in gees van die Groot Trek hulde te bring aan die manne wat ons beseil het om die pad van Suid-Afrika enduit te bewandel, wanneer 'n vrye en groot Suid-Afrika sy leiersplek sal inneem in die selfstandige ontwikkeling van hierdie vasteland.

**Dit was mos ook wat min. Havenga beklemtoon het toe hy in verband met die Suid-Afrikaanse burgerskap gepraat het van die pad wat die Afrikaner nog altyd moes loop waarop die ander eers later gevolg het.**

**Daarom kan ons ons nie op 16 Desember laat bind aan diegene wat nog op die pad van Brittanje staan om sodoende saam met hulle agter gehou te word nie.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# STALIN SE MOLLE NOG STIL ONDANKS TROEPE-VERTOON

**„Die Kominform wou hê dat die Joego-Slawiese volk teen die leiding van Tito in opstand moes kom, maar hulle het net die teenoorgestelde bereik. Hulle het die eenheid van die volk en sy leiers stewig gemaak. So 'n groot mislukking het hulle woedend gemaak en hulle daartoe gelei om ons te dreig." Dit is die reaksie van Mosja Pijade, lid van die Joego-Slawiese Kommunistiese Party, op die Russiese „nota" aan sy land en op die Russiese troepesamtrekkings op die grens.**

Die Russiese „nota" beskuldig die regering van Maarskalk Tito van vyandige gesindheid teenoor die Sowjet-Unie en van „konkelwerk" met die Weste. Die „nota" is opgevolg deur Russiese divisies wat op die grense saamgetrek is. Die Russe probeer 'n „vyfde kolonne" teen Tito in Joego-Slawië organiseer. Hierdie „vyfde kolonne" moet dan 'n „insident" veroorsaak wat aanleiding kan wees vir die Russiese troepe op die grens om op te ruk teen Tito en sy bewind omver te werp.

Tot dusver het die taktiek nog nie geslaag nie en die „senuwee-oorlog" tussen Tito en Stalin het 'n dooiepunt bereik.

Intussen hou die ministers van buitelandse sake van die Westerse land die situasie deeglik dop en daar is selfs sprake van 'n geheime hulpooreenkoms tussen Brittanje en Joego-Slawië.

## Europa Nog Sonder Duitsland

Die Europese Raad sien nog nie kans om te gesels oor die voorstel dat Duitsland uitgenooi moet word om sitting op die liggaam te hê nie, en dit is uitgestel tot aanstaande jaar se sitting.

Soos onlangs berig het Winston Churchill 'n vurige pleidooi gelewer vir die insluiting van Duitsland as lid omdat sonder Duitsland daar feitlik geen sprake van 'n Europa kan wees nie.

Hy het gesê dat dit miskien sal blyk daat aanstaande jaar te laat sal wees om nog te red wat gered kan word en dat dit miskien nodig sal wees om 'n buitegewone sitting te hou oor Duitsland. Dit is egter hoogs twyfelagtig of so 'n sitting gehou sal word.


## SKENK MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



- Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
- U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme banneling.
- Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

**Merk u wol D A H A en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.**

***D A H A* — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD**